AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Die landboubedryf in Suid-Afrika moes sedert die deregulering van die beheerrade belangrike funksies uit eie fondse onderhou. Hierdie funksies stel ons waardeketting in die landbou vanaf produsent tot verbruiker in staat om wêreldwyd mededingend te wees. Dit verseker voedselsekerheid en die funksies wat befonds word, is onder meer van die hoekstene waarop ons vrye mark gevestig is.

Waarom is die wintergraanheffings vrywillig en nie meer statutêr nie?

Georganiseerde landbou moes ingryp in die werksaamhede van die Wintergraantrust (WCT). 'n Alternatiewe trust is in plek gestel nadat die Nasionale Landboubemarkingsraad nie die bedryf se aansoek vir voortsetting van die statutêre heffing wou aanbeveel nie. Belangrike bedryfsfunksies word met die fondse gefinansier en dus moes die bedryf vinnig 'n alternatiewe stelsel in plek kry voor die aanvang van die nuwe bemarkingseisoen op 1 Oktober 2020. Die Trust sal bekend staan as die Suid-Afrikaanse Wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT).

Wat is die belangrikste funksies wat met die heffings gefinansier word?

- Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL)
- Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS)
- Navorsingsprojekte
- Transformasie

Wie ondersteun die vrywillige heffing?

Privaatsektor: SANSOR (saadmaatskappye), Agbiz Grain (opbergers), Graan SA (produsente), AFMA (veevoervervaardigers, SACOTA (handelaars), JSE (Safex), Nasionale Meulenaarskamer (meulenaars), Suid-Afrikaanse Kamer van Bakwese (bakkers), Pioneer Foods (PepsiCo) en die SA Nasionale Verbruikersunie.

Is die doelstelling en funksies van die nuwe trust anders as die vorige Wintergraantrust (WCT) waaruit die noodsaaklike funksies befonds was?

Nee, dit is feitlik identies. Die bedryfskoste sal egter minder wees. Die interim maatreël geld tot die WCT se bestuur weer na wense funksioneer.

Vir meer besonderhede kontak asb:

Leon du Plessis – Epos: leon@llagric.co.za.

DIE HEFFING WORD BY DIE EERSTE PUNT VAN VERKOPE INGEVORDER. ONDERSTEUN ASSEBLIEF U BEDRYF EN VERSEKER DAT DIE HEFFING VIR DIE 20/21 BEMARKINGSJAAR AAN SAWCIT OORBETAAL WORD